



Dankie, Ma, dat jy my geleer het om die  
spoor van vere na te loop.

Miemie en Nandi, dankie vir puik  
professionele begeleiding.

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.  
Bosmanstraat 380, Pretoria  
Tel.: 012 401 0700  
E-pos: lapa@lapa.co.za  
© Teks: Nanette van Rooyen 2019

Geset in 12 pt op 17,5 pt Palatino  
Omslagontwerp deur Linki Brand  
Grafiese uitleg deur Full Circle  
Gedruk en gebind deur Novus Print, 'n afdeling van Novus Holdings

Eerste druk 2019

ISBN 978 0 7993 8941 8

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag  
op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike  
toestemming van die kopiereghouers nie.



**NANETTE VAN ROOYEN**

LAPA Uitgewers  
[www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)

Soms moet 'n mens 'n uil wees om reg  
rondom jou te Kan Kyk. Om geluidloos te  
Kan vlieg. Om in die nag te Kan sien. Soms  
moet jy die Klop-Kloploerie wees wat in die  
somer so hoog vlieg dat jy nie met die blote  
oog sigbaar is nie. Soms moet jy die  
Kakelaar wees wat in groepe hou. Waar 'n  
alfa-mannetjie en 'n alfa-wyfie die eiers  
lê, maar die Kuitens word deur die res  
van die groep Kakelaars grootgemaak.

Soos hulle sê: It takes a village  
to raise a child.

Jay-Jay

# LARA

## Droom

*Dit is skemeraand. Daar is 'n klop aan ons voordeur. Ek maak die deur oop. 'n Lang, maer man met kraaiswart hare en grys oë staan voor my. Hy het 'n paar CAT-stewels om sy nek. Die veters is aan mekaar vasgebind. Hy is kaalvoet en daar is swart haartjies op sy groottone. Sy voete is verskriklik wit. Die naels is netjies geknip.*

*"Hallo?" sê ek.*

*"Jy ken my," antwoord die man.*

*Ek tree terug en roep na Ma. "Hier is iemand vir jou!"*

*"Nee, Lara," antwoord die man met 'n sagte stem. "Ek is hier vir jou."*

*Hy draai om en loop tot by die tuinheddie. Toe verdwyn hy in 'n grys mis.*

Ek was dertien toe ek die droom die eerste keer gehad het. Heeldag het ek gevoel asof ek iets verloor het. Daar was 'n holte tussen my ribbes wat ek nie kon beskryf nie.

Ek het nog vir niemand vertel van die droom wat minstens een keer per jaar na my toe kom nie. Elke keer is dit dieselfde, behalwe dat ek in die laaste droom die man agtervolg het. Hy het my na 'n

winkelsentrum gelei. Ek kon hom net-net nie inhaal nie. Telkens het hy om 'n hoek verdwyn.

Toe ek hom uiteindelik bereik het en aan die arm gryp, het hy kliphard en koud geword.

Hy was 'n winkelpop met dooie oë.

Ek het voor hom gaan staan en my hande in syne gesit. Hy het stadig verbrokkel. Eers sy hande, sy arms, sy torso en bene. Toe die kaal voete. Sy kop het laaste op die ashopie neergesif.

## Die huis op die bult

Ek het my naam gekry van “Lara’s Theme” – die vreeslik treurige temasiek van die film *Doctor Zhivago*. Dit is horingoud en melodramaties. Maar dis hoe Ma van haar films hou. Oud, romanties en propvol drama. Sy sê dit verplaas haar na ’n ander wêreld. Asof ons huis op die bult nie vir haar goed genoeg is nie. ’n Plek waarvandaan sy wil wegvlug.

Ek kan altyd sien wanneer haar groot migraines aan die kom is. Haar vel lyk dunner en amper deurskynend. Die aar op haar regterslaap bult en word blou van die onrus in haar. Dit is dan wanneer sy nagte om na *film noir* kyk.

Ek het een aand saam met haar gekyk na haar absolute gunsteling, *Morocco*, ’n melodrama waarin Marlene Dietrich speel.

“Ek weet nie of *film noir* goed is vir jou nie, my kind,” het sy gesê en my hand gedruk. Ek het uitgeloop sonder om ’n woord te sê en gaan google wat *film noir* beteken.

Wat ek eintlik wou sê, is dat ek en Ma maar soms iets saam móét doen. Net om die skyn van normaliteit te bewaar.

## Virole en whisky

Dit is elfuur toe ek by die voordeur instap. Dis die winterskoolvakansie en ek mag later uitbly. 'n Stom televisie flikker in die hoek. Boccherini se viool-konsert draai in die sitkamer. Op repeat.

Oom Dan sit-lê in sy leunstoel onder die leeslamp. 'n Woordeboek lê oop op sy skoot met sy blokkies-raaiselboek bo-op. Sy vergrootglas is nog in sy regterhand. Die whiskyglas is omgekeer langs sy ander hand. Oom Dan drink links en hy is 'n whiskysnob. Sy kneukels rus op die mat.

Dit was weer 'n single-malt-aand – dit kan ek duidelik sien.

Vir oom Dan is dit single malt of niks. Oukei, miskien nie heeltemal niks nie, maar hy sit nie sommer sy mond aan Three Ships nie. Die enigste Suid-Afrikaanse whiskey wat hy verduur, is Bain's. Gewoonlik is dit net Oban, Lagavulin of Peat Monster wat toegang tot ons huis verkry.

Ek ken die name van daardie whiskies soos ek Ma se voorskrif-kalmeermiddels ken. Xanor. Die pienk pilletjie. Die slow-release-Xanor sodat sy darem nie heeltyd slaap nie.



Oom Dan behoort aan 'n klub wat maandeliks 'n besending whisky na ons huis stuur. "Dit is 'n duur verslawing," het ek eenkeer vir Ma gesê. Sy was onmiddellik woedend vir my. Met twee rooi kolle op haar wangbene het sy deur posbuslippe vir my gesê dat oom Dan dit kan bekostig en dat hy buitendien 'n funksionele alkoholis is. Asof dit 'n ingewikkelde graad is wat jy aan 'n universiteit moet verwerf.

Nee wag, ek gaan nie oor oom Dan skinder nie. Hy is 'n verskriklik gawe, funksionele alkoholis. Hy werk in die oggendure, nadat hy sy ergste roes afgeslaap het, en bedags luister hy na vioolmusiek en vul blokkiesraaisels in. Hy is skadeloos. Hy is nooit slingerdronk nie en was nog nooit 'n verleentheid vir my of vir Ma nie. En hy is bitter slim.

Ek sluip verby oom Dan om die TV af te skakel. Hoekom ek op my tone loop, weet ek nie. Ek ken hierdie slaap. Dit is die slaap van die dooies. Iewers ná middernag sal hy wakker skrik en dan vir homself sterk koffie gaan maak en sy skootrekenaar nader sleep om aandele op Forex te koop en verkoop.

As oom Dan die aand straf gedrink het, sal daar altyd die volgende oggend 'n kastrolletjie hawermoutpap op die stoof prut. Vir my. Met warm melk in 'n beker langs my papbord en 'n klein blommetjie langs 'n glas lemoensap. Op die papierservet sal 'n nota wees: *Lekker dag, Lara.*

Hoe oom Dan in ons lewe gekom het, weet ek nie. Vandat ek my verstand gekry het, was hy deel van ons huishouding. Hy is beslis nie Ma se lover nie. Hulle slaap in aparte kamers. Wel, oom Dan slaap natuurlik hoofsaaklik in die whiskystoel en Ma in haar kamer met die pers sylap oor haar oë gebind en die gordyne dig toegetrek. Seker sodat sy haar kan verbeel sy het ontsnap van die huis op die bult.

Oom Dan se vernaamste funksie is dat hy die leë blokkie in my lewe vul. Die blokkie waarop *PA* sou gestaan het.

Dis nou nie dat ek in 'n proefbuis ontstaan het nie, dit weet ek darem. Dis net dat Ma weier om my die storie van my pa te vertel.

## En dan is daar ouma Bibi

Ouma Bibi het 'n huisie in 'n aftreeoord net hier anderkant ons in Vredehoek. Ma kon haar nog nooit oorreed om by ons in te trek nie.

“Ek is my eie mens, Mara. Jy ken my mos,” knor sy elke keer as Ma dit opper.

Sy ry 'n grys Mini Minor en op Vrydae speel sy brug saam met haar pëlle. Dan teug hulle aan klein glasies soetwyn. Heelwat glasies. Dit is wanneer Ouma onbedaarlik begin hik.

Ouma dra nie oumensklere nie en sy is lief vir dans. Sy bloos ook nie vir films waarin daar gevloek word nie. Toe ons eenkeer *Pulp Fiction* gekyk het, het sy net gemompel: “Boetie, jou bek moet uitgespoel word!”

Sy koop vir my notaboeke waarop staan: “Bla Bla Bla. You got a problem? Go tell your Mama.” Ons twee verstaan mekaar.

Maar elke keer as ek by haar wil uitvis oor my pa, kom daar 'n dowwigheid in haar oë. “Nee wat, Lara, los nou maar die ou koeie in die sloot,” sê sy altyd en gaan grawe in haar kombuis vir iets om my mond mee besig te hou.

Ons twee is vennote in 'n besigheid. Ek verkoop vintage-klere en sy werf dit. Die hele week maak sy klere, skoene, hoede en juweliersware in haar aftreeoord bymekaar. Vrydagaande ry ek en Ma soontoe om die vondste by haar te gaan haal. Ek vat vir haar 'n bos blomme vir die moeite en een keer per maand neem ek haar uit vir ete met van die geld wat ek gemaak het. Saterdagoggende verkoop ek als wat Ouma gevind het by Truth Coffee, die steampunk-kafee in Buitenkantstraat, en Sondae het ek 'n stalletjie by die Houtbaai-mark.

Ouma is nou al so bekend vir haar werwing van vintage-items dat die oumense van ander aftreeoorde ook goed by haar huis kom aflaai. Die raarste item wat ons tot dusver ontvang het, het gekom van 'n ou suurpruim wat met 'n groot, plat boks daar opgedaag het. Binne-in was 'n pelsstola met 'n jakkals se kop aan die een punt en sy stert aan die ander kant.

Voëls is ouma Bibi se ander passie. Sy voer hulle elke oggend. Klokslag om sesuur stap sy uit met haar plastiekemmertjie vol saad, gee drie kort fluite, en binne oomblikke is haar erf bont van die voëls. Op die dak, in die bome en struie en op die gras. Ek het hulle ook nou al leer ken: glasogies, olyflysters, suikerbekkies en rooivlerkspreus. En dan is daar haar geliefde paar kolganse, meneer en mevrou Alopochen (wetenskaplike naam *Alopochen aegyptiacus*).

Soms dink ek ouma Bibi is my enigste redding in  
die hoë huis op die bult.

## Morag

Morag wag my in by Skinscape met 'n koppie koffie en 'n bril op die punt van haar neus. Sy het lang, dun arms en 'n toring swart hare op haar kop. As sy 'n tatoe het, is dit onder haar klere versteek.

Sy staan op en hou 'n paar swart latekshandskoene en 'n dik boek na my toe uit. *The Art of Tattoos*. Haar stem is donker en haar oë pikswart. Om haar nek hang 'n groot Gotiese kruis. Sy dra 'n bont broek van katoen waarvan die middelste gedeelte tussen haar knieë hang. En sy loop altyd kaalvoet.

“Jy is nooit laat nie. Jy raak nie aan enige van my kliënte nie. Jy maak nie bewegings of geluide as ek met 'n kliënt besig is nie. Ek moet konsentreer.”

Sy druk haar benerige voorvinger op die boek. “Jy moet hierdie boek opswot. Ek gaan jou elke dag toets. En maak jou hare vas op jou kop. Sorg vir jou eie lunch. Drink jy koffie of tee?” Sy draai om en ont-smet haar hande. “Jy het vyftien minute om te kyk na Chris Bourke se ontwerpe. Ek gaan vrae vra. As jy stotter of stamel, stuur ek jou weer kombuis toe met die boek.”

Ek gaan sit my rugsak in die kombuis neer en

spoedlees die bladsye wat oor Chris Bourke handel langs die brommende yskas. Ek prewel die feite oor en oor, byna soos ek moes maak toe ek op laerskool tafels geleer het. Dan hoor ek Morag roep en ek skarrel terug na waar sy wag.

Morag sit haar bril op en trek haar handskoene aan. Sy bind haar lang hare met 'n bandana uit haar gesig en skakel die iPod aan. New Age-meditasie-musiek weerklink deur die studio.

“Dit maak my kliënte kalm,” sê Morag.

Ek is nie seker of vandag se kliënt gaan saamstem nie. Hy is 'n Harley-Davidson-man met leerfraaiings aan sy baadjie, 'n goatee en 'n groot silwer ring met 'n kopbeen aan sy middelvinger. Miskien sal Papa Roach meer geskik wees as troos teen sy pyn.

Meneer Harley is erg senuweeagtig. Hy erken sommer dadelik dat hy reeds 'n paar Myprodols gesluk het om die pyn te verdoof. Die tatoe wat hy gekies het, is Bourke se twee voëltjies wat teen mekaar vasvlieg. Hulle koppe is gelig en hulle vlerke raak onder aan mekaar. Aan die bokant is die woorde BIRDS OF A FEATHER en onder is FLOCK TOGETHER. Net in swart-en-wit, en hy wil dit op sy regterboarm hê. Plekke waar daar meer weefsel tussen vel en been is, soos die boarm, is blykbaar minder pynlik as byvoorbeeld die lae rug en enkels. Maar nogtans sweet Meneer Harley ernstig.

Morag hou die handmasjien soos 'n rewolwer vas. Dit zoem soos 'n woedende insek in haar hand. Drieduisend naaldprikke per minuut. Haar elmboog rus liggies op die stut wat aan die bed se rand vasgeklem is. Twee millimeter diep, deur die epidermis tot op die dermis waar die ink vermeng met die stabiele selle en vir die res van jou lewe sigbaar is.

Tilla, my vriendin, sê dit voel soos duisende bysteke wat jou vel penetreer. Ek sal nie weet nie, want as ek met 'n tatoe by die huis aankom, sal Ma sowaar 'n hartaanval kry. "Tatoes is vir motorfietsmaniakke, tronkvoëls en matrose," sê Ma altyd. Oor en uit. Sy is reeds depressiewer as gewoonlik omdat ek verkies om my vakansie by Skinscape deur te bring in plaas van tuis by haar. Nou vlug sy maar Bali toe om meubels en artefakte te gaan oes.

Ek het haar al vertel dat die vroegste tatoes in 3300 v.C. op die gemummifiseerde lyk van "Ysman" gevind is. Ook dat tatoeëermerke in 2000 v.C. op Egiptiese en Nubiese mummies gekry is. Maar Ma het net my woorde weggewaai soos lastige vlieë wat om haar kop draai.

"As jy eendag hier aankom en jy lyk soos 'n gangster vol tjappies, kan jy maar 'n ander huis gaan soek om in te bly."

Ek kon my nie eens vervies nie, want ek was te verbaas dat Ma die woord tjappies gebruik het.



# ALEX

## Uilkas teen 'n boom

Ek is nou al twee weke in Kaapstad en steeds het ek nie die moed om kontak met die meisie in Sydmouthlaan te maak nie. Ek het geen benul hoe ek dit moet hanteer nie. Sommer net instap by haar huis kan ek nie. Dit is ook vir my onduidelik hoeveel sy weet. Weet sy ooit van Jay-Jay, my rondloper-naweekpa? Die Prins van Roofvoëls. My mentor by wie ek geleer het hoe om stukkende uile reg te dokter. Die man wat geglo het dat dit makliker is om met 'n roofvoël op jou vuus 'n gesprek te voer as met 'n mens.

In een van my kleretrommels is 'n brief. Op die koevert is 'n telefoonnommer en 'n straatadres in Jay-Jay se handskrif. Later, wanneer ek ingerig is, sal ek met die meisie in aanraking kom. Intussen gaan ek elke beweging in die huis in Sydmouthlaan dop-hou. Ek sal die mentgroen MotoMia soos 'n skadu volg. Die meisie se doen en late bestudeer. Ek sal haar leer ken sonder dat sy van my weet.

Ek was gelukkig om 'n tuinwoonstel in Oranjezicht te kry. Dit is boonop ver genoeg van die hoofhuis af sodat ek in niemand se pad sal wees nie. Ada,

die eienaar van die eiendom, het toestemming gegee dat ek 'n houthok vir Uli teen die akkerboom langs die woonstel oprig. Twee keer per week sal ek terugry na die skuurhuis in Klapmuts waar ek Uli sal loslaat om op die kleinhoewe rond te vlieg.

Om my huur te betaal, het ek werk by Truth Coffee gekry. Die tips is blykbaar goed. Ek het sommer by voorbaat vir opleiding as 'n barista ingeskryf. Die ou wat my oplei se naam is Groove. Wanneer hy nie besig is met koffie nie, is hy 'n saksofoonspeler in 'n band. Ons kom goed oor die weg. Hy vra nie te veel vrae nie.

By Truth is ons almal steampunkers. Groove, 'n Rastafariër, ook. Ons dra leeronderbaadjies, wit hemde met pofmoue, bolkuile en stewels. Een van die bestuurders kom selfs op 'n Maandag met sy gasmasker werk toe. Wie jy ná ure is, is niemand se saak nie.

Oor die luidsprekers rol musiek soos Paul Shapera se "Edgar Builds a Business" of Aurelio Voltaire se "Robber Baron" en teen die muur is daar 'n aanhaling van George Mann. *Steampunk is a joyous fantasy of the past, allowing us to revel in a nostalgia for what never was. It is a literary playground for adventure, spectacle, drama, escapism and exploration. But most of all it is fun.*

Die antieke koperhorlosie wat ek om my nek dra,

neem my na 'n tyd waar ek nie verlies geken het nie.  
Waar Jay-Jay nog met 'n beseerde uil op sy voorarm  
geloop het en nie net 'n swart-en-wit foto in die  
deksel van my koperhorlosie was nie.

## 'n Bondel vere in die rivier

Jay-Jay het eerste die bondel bont vere in die rivier sien dryf. Hy het tot by sy knieë in die water gestap en die bondeltjie versigtig uitgehaal. Ons was verstom toe daar twee roofvoëlpote uit die verebol sak.

“Dis wragtag 'n uilskuiken! 'n Gevlekte ooruil!” het hy uitgeroep en die verebol broeis onder sy trui ingedruk. *“Bubo Africanus.”*

“Leef hy?” het ek van die kant af geskreeu.

“As ek die flou klopping teen my hand kan vertrou, ja!” het Jay-Jay teruggeroep.

Ek het gekyk of daar nie in die groot bome langs die rivier 'n nes is nie.

Jay-Jay het stadig deur die rivier teruggestap.

“Hy is heel moontlik uit die nes geskop. As die seisoen nie gunstig is vir uilskuikens uitbroei nie, skop die ouers die swakste kuiken uit die nes sodat die sterker een kan oorleef. En met die veldbrande van die afgelope tyd sal hier nie baie veldmuise as prooi te vind wees nie.”

Is dit waarom ek in die SOS Children's Village woon, het ek vir 'n oomblik gewonder. Omdat dit 'n ongunstige jaar vir my ouers was?

Ons is tent toe om die uiltjie met handdoeke te gaan warm vryf. Ná 'n ruk het hy uiteindelik sy kop gelig en ons met twee groot geel oë aangekyk.

“Wat sou jou naam wees?” het Jay-Jay sag gevra.

“Ek dink Lucky is gepas,” het ek gesê.

“Nou ja, dan noem ons hom Lucky Uli.”

Ons het die uiltjie toegedraai en vir die res van die dag met hom langs die vuur gesit vir hitte. Hy het sy koppie van die een kant na die ander gedraai en bromgeluidjies gemaak, asof hy wou vra: “Waar de hel is ek nou?” Later het sy oorvere weer parmantig regop gestaan – die teken dat hy sou oorleef. Gelukkige Uli inderdaad.

Ons planne vir visvang en met die kano vaar, het skielik 'n ander rigting ingeslaan. Uli moes kos kry. Ek het met 'n klein stukkie ogiesdraad, 'n roomystokkie en vislyn 'n soort muisvalletjie probeer bou, met stukkies kaas en brood as lokmiddel. Maar die stokkie het heelyd te vroeg omgeval. Jay-Jay het meer sukses gehad met die kriek in die hoek van ons tent en die klein paddatjies wat hy met ons pastasif gevang het.

Toe dit donker word, het ons Uli in Jay-Jay se ou Volkswagen laat slaap, sy sterk pote vasgeklem om die passasiersitplek se kopstuk. Sy vlerke was nog dom en daarom sou hy hom nie teen die vensters te pletter vlieg nie.

Teen Sondag was Uli honger en knorrig en Jay-Jay moes winkel toe ry om hoendernekkies te gaan koop. Sy instink het dadelik ingeskop toe ons die rou vleis voor hom neersit. Hy het die ene kloue en snawel geword.

Ons is vroeër as gewoonlik terug kleinhoewe toe om 'n ordentlike hok vir die uiltjie te bou.

“Dit kan niks kleiner wees as vyf by vyf by drie meter nie,” het Jay-Jay gesê en in sy werkskamer vir hout en ogiesdraad gaan soek.

Ek het met afvalstukke hout 'n staander aan mekaar getimmer en dit bo-op die geboë rugleuning van 'n stukkende stoel vasgespyker.

“Ons sal môre 'n strook kunsgras gaan koop om rondom die perch vas te maak.”

“Hoekom kunsgras?” het ek gevra.

“Dit sal sy pote skoonhou sodat hy nie swam-infeksies kry nie, bumblefoot.”

Jay-Jay is 'n wandelende boek oor voëlkunde, veral roofvoëls, en dit was reeds sy sewende jaar as voorsitter van die Roofvoëlvereniging.

En nou is Lucky Uli myne.